**Donderdag 9 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 2:7 – 3:6 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:7 – 3:6**
**Gehoorsaamheid aan halwe waarhede beroof ons van die ware Koning**

Geen koninkryk kan twee konings hê nie. God se heelal kan net een koning hê. Hy sluit ’n gehoorsaamheidsgebod met die mens, maar sy teenstander, Satan, staan gereed om ons lewe te verwoes met halwe waarhede.

Toe sy rebellie in die hemel misluk, spits hy sy aandag toe op die kroon van die skepping. Sy dryfveer is om elke mooi en goeie gawe van die Here te bederf. Hy wil God se skepping tot ’n val bring, en vir daardie doel saai hy twyfel in Eva se gemoed met halwe waarhede. Deur slinkse vrae te vra, insinueer hy dat God ’n verskuilde agenda volg deurdat Hy kennis van die mens weerhou. Die vrou se halfhartige reaksie op hierdie aantygings was vet op die slang se vuur en hy gaan met mening oor tot die aanval. Hy sterk haar in die kwaad en sê dat hulle soos God sal wees met insig oor goed en kwaad.

Sy aanval is nie primêr op die vrou gerig nie, maar op God Self. Hy gebruik halwe waarhede om God te vervang met gehoorsaamheid aan ’n tweederangse koning. Eva se oë gaan oop en sy begeer die vrugte van die boom, omdat dit haar insig sou vergroot. Die tragiese gevolg van die verleiding is ondankbaarheid vir dit wat God vir my gee, en dit maak dat ek al nader aan die verbode boom beweeg en stilletjies wonder of so ’n happie ongehoorsaamheid nie dalk my dag sal opvrolik nie.

Die val van die mens in sonde maak ons ore en oë oop vir die verkeerde. Die bose kom as verleier en teenstander van God en ons hoor en sien hom in die verdraaiing van die onfeilbare Woord van God en in die aanslag oor geslag en moraliteit wat in die kerke gevoer word.

God se Gees skenk ware insig en kennis. Jesus Christus het alle waarheid en mag in die hemel en op die aarde. Glo sy Woord en aanbid in gehoorsaamheid die Koning van die konings wat in die hemel troon.

*Sing: Psalm 36-1:1*

*Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)*